Verwysing: 20200914-8060
Lêerno.: 13/7/1/2
Navrae: NF Sobetwa-Magodla

Omsendbrief: 0032/2020
Vervaldatum: 30 November 2020

Aan: Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Hoofde: Leerderondersteuning, Kringbestuurders, Assesserings- en Eksamenkoördineerders, Vakadviseurs en Bestuurders van leersentrums vir volwassenes

Kort opsomming: *Hierdie omsendbrief dien om leersentrums vir volwassenes in kennis te stel van die finale wysigings aan die November 2020 Onderwys en Opleiding vir Volwassenes (OOV), Vlak 4-eksamenrooster.*

Onderwerp: Finale wysigings aan die November 2020 Onderwys en Opleiding vir Volwassenes (OOV), Vlak 4-eksamenrooster

1. Soos genoem in Omsendbrief 0007/2020 van 08 Februarie 2020, sou die November 2020 Algemene Onderwys- en Opleidingsertifikaat (GETC): OOV V4-eksamen op 02 November 2020 begin en op 24 November 2020 ten einde loop.

2. Weens die Covid-19-pandemie het belangrike onderrig- en leertyd by gemeenskapskolleges egter verlore gegaan.

3. Ten einde op te maak vir verlore onderrig- en leertyd, het die tak vir gemeenskapsonderwys en -opleiding (CET) 'n kurrikulumherstelplan opgestel, maar die CET-kolleges het egter 'n behoefte geopper om die GETC: OOV V4-eksamenrooster vir November 2020 te hersien.

4. Die datums van die OOV V4-eksamenrooster is gewysig en hierby aangeheg. Die eksamen sal nou op 09 November 2020 begin en op 01 Desember 2020 ten einde loop.

5. Gedurende die verloop van die eksamen moet Covid-19-voorskrifte te alle tye nagekom word. Dit sluit in:
   a) sifting;
   b) die dra van 'n masker;
   c) fisieke distansiëring van 1 meter; en
   d) ontsmetting.

6. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle kandidate en onderwysers.

GETEKEN: BK SCHREUDER
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2020-10-12